Die United Democratic Front is op 20 Augustus 1983 te Kaapstad gestig en vind beslis aansluiting by die ANC se jaartema vir 1983 nl United Action. Die UDF se bestuur en raad van trustees bestaan uit bekende oud ANC-gesindes, soos die drie nasionale presidente, Albertina SISULU, Archie GUMEDE en Oscar MPHETA. SISULU se eggenoot dien tans lewenslange gevangenisstraf uit vir sy ANC-bedrywighede. Sy is self op die oomblik op borgtog uit hangende 'n appel teen haar skuldigbevinding en vonnis op 'n aanklag dat sy die doelstelling van die verbode ANC bevorder het. Archie GUMEDE was voorheen President van die ANC se Pietermaritzburgtak en is tans die voorsitter van die "Release Mandela Committee" in Natal. Oscar MPHETA is 'n stigterslid van die ANC georinteerde SA Congres of Trade Unions (SACTU) en geniet tans borgtog hangende 'n appel teen sy skuldigbevinding en vonnis op 'n aanklag ingevolge Veiligheidswetgewing. Die volgende persone is tot die Nasionale intvoerende bestuur verkies:-

PRESIDENTE

NASIONALE TESOURIER

UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF)

64

Archie Gumede (Oud ANC-lid)

Mewa Ramgobin (NIC)

Oscar Mpetha (Oud ANC-lid)

Cassiem Saloojee (TIC)

Albertina Sisulu (Oud ANC-lid)

VICE-PRESIDENTE:

STREEK SEKRETARISSE:

Virgil Bonhomme (UCC)

Moss Chikane (COSAS)

Rev Frank Chikane (Swartmag)

Cheryl Carlous (UWO)

Joseph Marks (CAHAC)

Trevor Manuel (CAHAC)

George Sewpersadh (NIC)

Yunus Mohamed (NIC)

Christmas Tinto (Oud ANC-lid)

Mohamed Valli (TIC)

NASIONALE SEKRETARIS :

ADDISIONELE UITVOERENDE LEDE:

Po Molefe (Swartmag)

Andrew Borraine (NUSAS)

Cunick Ndlovu

Jerry Coovadia (NIC)

Lolile Malindi

Mildred Lesia (UWO)

Aubrey Mokoena (RMC)

RAM Saloojee (TIC)

Mcibisi Xundu (Oud ANC-lid)

NASIONALE PUBLISITEITSSEKRETARIS

Mosiwe Patrick "Terror" Lekota (Oud SASO - Sekerheidsgevangene) van die UDF se vernaamste beskermhare is Nelson MANDELA, en alle Rivonia veroordeeldes, Helen JOSEPH, Alan BOESAK en Beyers NAUDE, wie geen bekendstelling nodig het nie.

6. Die verklaarde doelwitte van die UDF is om die grondwetlike hervorming in die RSA te beveg op die grondslag van die "Freedom Charter", soos beliggaam in hul verklaring van voorneme, veral die beginsel van veel-rassigheid en die uitgangspunt dat Suid-Afrika aan al die inwoners van die land behoort. In die breë gesien is die UDF 'n sambreelorganisasie wat 'n tuiste bied aan alle versetgroepe wat teen die staatkundige bedeling in die RSA agiteer.

7. Die UDF het mense in die 1984 verkiesing probeer oorreed om nie te stem nie. Hulle het die Blankes probeer beïnvloed om die referendum te boikot, die Swartes om nie aan verkiesings van die gemeenskapsrade deel te neem nie, en 'n hewige veldtog teen die Kleurling en Indiër verkiesings van stapel te stuur.

Dit is opmerklik dat die UDF trag om binne die wet maar buite regeringstrukture hul verset politiek te bedryf, dog die gevolg van

die subtiele aanhitsing wat tot burgerlike opstand lei as einddoel het. Dit is ook insiggewend dat die UDF se stigting na die werksaamhede van die Rabie-Kommissie en die daaropvolgende nuwe veiligheidswetgewing plaasgevind het. Die indruk word verkry dat UDF-regskundiges 'n diepte-studie van veral die Wet op Binnelandse Veiligheid (Wet 74/1982) gedoen het voordat die formulering van UDF se stigting en strategie bekend gemaak is. Die bestaan van werklike politieke en sosiaal maatskaplike knelpunte ten opsigte van anderskleuriges, bied aan die UDF en lidorganisasies 'n wettige verhoog waarby dan die versetpolitiek ingeklee en die terrein vir rewolusie voorberei word. Die persone wat op die verkillende UDF-streeksbesture dien is of oud ANC-lede van anti-regerings organisasies wat die ANC en SAKP se saak probeer dien ten einde 'n klaslose, sosialistiese, en "demokratiese" staatsbestel daar te stel.

8. Die UDF het na sy totstandkoming deur middel van sy geaffilieerde organisasies talle sosiaal/maatskaplike knelpunte aangegryp om 'n klimaat vir burgerlike ongehoorsaamheid te probeer skep. Massavergaderings en die verspreiding van pamflette is dusver hieroor aangewend. Hierdie klimaatskepping deur die UDF het begin gestalte toe daar op die naweek van 15 en 16 Julie 1984 geweldpleging in Thumahole Swartwoonbuurt by Parys plaasgevind het na aanleiding van verhoogde huishuurtariewe.

9. "Terror" LEKOTA, die publisiteitsekretaris van die UDF, en as sulks hul spreekbuis, was voor die naweek in Thumahole opgemerk. Op 1984-07-19 het die UDF 'n soliariteitsbveenkoms ten behoeve die "slagoffers" van Thumahole te Khotsohuis, Johannesburg gehou. In sy toespraak tydens die bveenkoms het LEKOTA gemeenskapsleiers daarvan beskuldig dat hulle verantwoordelik is vir die probleme in die Swartwoongebiede. LEKOTA het 'n beroep op die inwoners van alle Swartwoongebiede in die RSA gedoen om alle besighede, huurmotors en instellings wat deur die Swartgemeenskapsrade beheer word te boikot. Hy het ook ge-eis dat gemeenskapsleiersbedank.

10. Op 1984-08-06 het LEKOTA op 'n UDF vergadering in Athlone, Kaapstad 'n beroep op werkers gedoen om te mobiliseer teen hoër huishuur, busgeld, verskuiwings, ens. Tydens die vergadering is daar 'n pamflet uitgedeel met die opskrif "Stop the Apartheid Ambulance - Boycott Collaboration", wat soos volg afgesluit word:

"Boycott the elections and New Deal! Throw the collabrators out of the community! Make the life impossible for them! Smash the sell-outs!"

11. Na die onrus in Thumahole en LEKOTA se oproep tot 'n landswye boikot, het die onrussituasie na verskeie ander Swartwoongebiede uitgebrei waar petrolbomme gegooi is, eiendomme beskadig en drie Swart stadsraadslede dusver op wreedaardige wyse vermoor is. Tientalle ander Swartmense het dusver as gevolg van die onluste gesterf. Die volgende is enkele gevalle waar onrus en onluste voorgespruit het uit 'n klimaat wat deur die UDF-geaffilieerde organisasie geskep is:

(a) In Cradock in die Oos-Kaap weier die 4 200 Swart leerlinge van 6 skole sedert Maart 1984 om skool by te woon. Hierdie boikot is geïnisieer deur UDF-geaffilieerde organisasies Cradock Residents Association (CRADORA) en Cradock Youth Association (CRADOYA).

(b) In Pretoria is die UDF-geaffilieerde Congress of South African Students (COSAS) vir skole-onrus en boikot verantwoordelik. Ses Swart skole met 'n leerlingstal van 6 000 is sedert Maart 1984 gesluit.

(c) Die UDF-geaffilieerde Vaal Civic Association het die onlangse onluste in die Vaaldriehoek geïnisieer nadat 'n protesvergadering onder leiding van hierdie organisasie gehou is en op skoleboikotte, stakings en busboikotte besluit is.

(d) Benewens die voortgesette sporadiese voorvalle van geweld in o.a. die PWV-gebied, heers daar tans ook skoleboikotte in Port Elizabeth wat aangestig is deur die volgende UDF-geaffilieerde organisasies nl. COSAS, Port Elizabeth Black Civic Association (PEBCO), en Port Elizabeth Youth Congress (PEYCO). Op 1984-10-03 het 1 skole met 'n leerlingstal van 20 000 nog aan die boikot deelgeneem.

12. Ten einde die belangrikheid van UDF vir die rewolusionêre strategie van die verbode ANC te kan evalueer, is dit nodig dat kennis geneem word van die ANC se uitsprake oor UDF. In "Sechaba", amptelike mondstuk van die verbode ANC, se Oktober 1983 uitgawe word gesê: "The UDF mobilises all people into one mass movement and co-ordinates community resistance,..." Dit word duidelik gestel dat die ANC groot waarde aan die stigting van UDF as mobiliseerder van die massas heg. Die ANC gee spesifieke opdragte dat brood- en botterkwessies soos huishuur, bustariewe en voedselpryse aangewend moet word. Hierin moet daar met Swartmagorganisasies saamgewerk word, ten spyte van ideologiese verskille, aangesien die Swartmagorganisasies net soos die UDF die daarstelling van 'n "verenigde demokratiese" RSA ten doel het.

13. In Uitgawe nr 8 en nr 9 vir 1984 van die ANC-tydskrif "DAWN, JOURNAL OF UNKHONTO WE SIZWE" word die volgende oor die United Democratic Front (UDF) gesê:

"...Our people's army, Umkhonto we Sizwe, is conscious of this powerful campaign that is building up against the President's Council and Koornhof genocidal bills and the duty that its fighting ranks are charged with. We are called upon to sharpen our spears and intensify the war against racist regime. Only by so doing shall we create a favourable climate for the flourishing of the UDF and the overall advance to the seizure of power. Herein lies to a large extent the success of the fight against the constitutional proposals and the Koornhof bills. FORWARD TO VICTORY..."

'n Verdere artikel in dieselfde publikasie, getiteld "Some thoughts on the United Democratic Front" word die omstandighede waaronder die Congress Alliance in 1955 tot stand gekom het beskryf en 'n paralel met die UDF getrek. Dit vestig ook die leser se aandag daarop dat dieselfde mense wat die Congress Alliance tot stand gebring het,

vandag in die bestuur van die UDF dien. Die name van Nelson MANDELA en die Rivoniasaak veroordeeldes word pertinent genoem. Die skrywer beïmpel die UDF as " a powerful weapon in the national liberation struggle. In reality in the UDF one can see the political and social edifice which also determines our forward drive to victory. Hence the ANC is obliged to support its (UDF's) actions politically and organisationally. The nationally. The national liberation alliance headed by the ANC shall be able to guide the UDF only if we have our own underground structures within the UDF".

'n Volgende artikel onder die opskrif "MK Soldiers' Viewpoint, our army needs a dynamic political programme", word die gesamentlike taak van die ANC, UDF en UDF-lidorganisasies soos SAAWU en AZASO in die "United Action"-konteks soos volg saamgevat ...

"The formation of the United Democratic Front recently is a practical realisation of the thesis that the maximum mobilisation and unity of our people is the fundamental requirement of our victory over the forces of racism and reaction ..."

'n The African Communist van die tweede kwartaal 1984, amptelike mo. stuk van die verbode SAKP, bevat 'n artikel getiteld "United Front to End Apartheid - The Road to Mass Action in South Africa" waar spesifiek na die UDF verwys word. Die volgende gedeelte is van belang:

"This means that it is not difficult to identify those issues around which the broadest possible unity of the oppressed can be forged. As Dimitriy put it, "The path is indicated by life itself and by initiative of the masses themselves". This is what Comrade Tambo meant when he stated that "the formation of the UDF was a product of our people's determination to be their own liberators."

14. Die volgende openbare verklaring van Yusaf DADOO, Voorsiter van die verbode SAKP op 1983-09-19 kort voor sy dood, is van belang.

"The years of painstaking work by the Party and the ANC are showing results. There is the continued tremendous growth of internal, organised opposition exemplified by, among other events, the tremendous gathering in Cape Town during last month which launched the United Democratic Front. At the same time this growth of resistance imposes its own exacting demands on our Party. The gains achieved must be consolidated."

15. Die Rand Daily Mail (RDM) het op 1984-10-11 prominensie aan uitsprake van die volgende UDF ampsdraers tydens 'n perskonfederensie in Johannesburg op 1984-10-10 verleen:-

- voormalige ANC-ingeperkte Swartman Stephen TSHWETE (uitgewyk 1986) wat tans die UDF-president van die Oos-Londen streek is:
- Kleurlingmans Jonathan DE VRIES, UDF-organiseerder in die Wes-Kaap;
- Swartman Price MSUTU, UDF-organiseerder in Port Elizabeth;

- Kleurlingman Trevor MANUEL, UDF-organiseerder in die Wes-Kaap en tans werksaam in die UDF hoofkantoor te Khotso Huis, Johannesburg as agerende algemene sekretaris in die plek van Popo MOLEFE wat tans ingevolge veiligheidswetgewing aangehou word; en

- Swartvrou Albertina SISULU, voormalige ANC-ingeperkte en een van die UDF se drie presidente.

Die Minister van Wet en Orde se onlangse verklaring oor die UDF is deur Trevor MANUEL beskryf as "ill-advised" en deel van volgehoue pogings van regeringskant om teen UDF-lidoringanisies op te tree. Die minister se poging om die UDF met die ANC te verbind berus volgens MANUEL op "flimsy evidence".

Stephen TSHWETE het beweer dat daar onlangs 'n aanslag op die lewe van 'n UDF-aktivis in Oos-Londen gedoen is.

Die gesamentlike UDF-persverklaring word as volg in die RDM weergee:

"...Government suggestions that the UDF was responsible for the current turmoil in South Africa were attempts to divert attention from its own bankruptcy and inability to govern.

The Government's undemocratic constitution has been rejected, international isolation is unparalleled, the economic crisis looms large in the face of the falling rand. The Government has lost control. South Africa faces a bleak future in the hands of the present Government.

Banning the UDF would contribute nothing towards alleviating the present crisis but would exacerbate it.

The UDF merely articulates the aspirations of the majority of the people and these aspirations cannot be wished away by a ban".

Op 1984-11-05 tot 1984-11-06 het daar 'n "Stay-Away" plaasgevind wat gereël is deur organisasies wat by die UDF geaffilieer is. Na die Stay Away het Thami MALI 'n persverklaring uitgereik waarin hy die mense aangemoedig het om Suid-Afrika onregeerbaar te maak. Thami MALI is betrokke by die Soweto Youth Congress en hy was gearresteer en aangehou vir sy betrokkeheid by die reëlings van die "Stay Away". Hy is egter op borgtog vrygelaat en het die land onwettig verlaat.

17. Op 1985-02-12 het die UDF 'n vergadering gereël in die St George Katedraal te Kaapstad. In sy toespraak het Trevor MANUEL, UDF-sekretaris, Wes-Kaap, die aanwesiges aangeraai om nie die verhoogde huur te betaal nie en om hulle te verset teen uitsetting. Hy het die opmerking gemaak dat wanneer die vragmotors daar opdaag, sal hulle gereed wees om hulle te verset, wat die gebeure by Sebokeng soos 'n Sondagskoolpiekniek sal laat lyk.

18. 'n Verdere 3 vergaderings is tot 25 Februarie in Kaapstad deur die UDF gehou waar solidariteit met die Kruispad-inwoners betoon en die aanwesiges aangeraai is om hul teen verskuiwing te verset. As gevolg van hierdie vergaderings het daar op 1985-02-18 geweld

losgebars in Kruispad waar minstens 18 persone gedood, talle beseer en kindom beskadig is.

19. Die belangrikste gebeurtenis wat potensieel die grootste invloed op die UDF se toekomstige optredes kan uitoefen, is sy hantering van die vraagstuk rakende die vrylating van Nelson MANDELA. Die UDF het met sy vergadering op 10 Februarie 1985 in Soweto vir die eerste keer 'n amptelike platform aan MANDELA en by implikasie die ANC gebied toe MANDELA se reaksie op die Staatspresident se aanbod bekend gemaak is, nadat dit deur die UDF se regsadviseurs goedgekeur is. Namate die UDF openliker met die ANC, en by implikasie met lg. se beleid van voortgesette gewelddadige optrede, vereenselwig word, kan hy deur meer militante uitsprake en 'n beleid van konfrontasie met die Regering sy aansien verhoog by diegene wat beweer dat geen blywende vrede en veiligheid in die RSA verseker kan word sonder die ANC (en die UDF) se deelname aan die regeringsproses (na afloop van 'n nasionale konvensie) nie.

20. Die volgende skrywes word tans deur die Nasionale kantoor aan al die UDF streke gesirkuleer:

"Proposals for discussion on Education Crisis"

In die skrywe meld die UDF dat hulle op 1985-01-17 samesprekings gevoer het met COSAS se Nasionale bestuur en word 'n aantal waarnemings gegee waarvan die belangrikste die volgende is: "That the students are on the threshold of victory and that this should not be allowed to slip out of our hands".

Die UDF versoek verder dat die stuk aan Parent Committees, kerke, vakbonde en prominente persoonlikhede versprei moet word.

"International Youth Year (IYY)"

In die brief versoek die UDF sy streke om die (IYY) onder sy beskerming te laat plaasvind en sé o.a. "The UDF has already won a great amount of legitimacy both nationally and internationally. Many people and organisations on these planes will support anything that is associated with the Front. To give the IYY campaign publicity and to win even greater support for it we need to encourage our affiliates to conduct it under the banner of the UDF. This will also provide a measure of protection from state harassment to activities for they will be projected as UDF activities in the event of detention and arrest. And the state does not want negative publicity at this stage. They may therefore avoid unnecessary arrests".

21. Die UDF het van 23 Maart tot 1 April 1985 13 protesvergaderings gehou oor die voorval by Uitenhage. Oor dieselfde tydperk het hy by 14 geleenthede pamflette in die verband versprei.

Hieronder volg die datums en plekke waar die vergaderings en pamfletverspreiding plaasgevind het:

PAMFLETVERSPREIDINGS

25 Maart 1985 Kaapse Skiereiland

25 Maart 1985 Durban en Pietermaritzburg

26 Maart 1985 Worcester

26 Maart 1985 Kranskop, Natal

27 Maart 1985 Oos-Londen, Mdantsane en Ciskei

27 Maart 1985 Johannesburg

27 Maart 1985 Wattville Swartwoongebied, Benoni en Kathlehong Swartwoongebied, Germiston

27 Maart 1985 Fort Beaufort Swart- en Kleurlinggebiede

27 Maart 1985 Pretoria

2 Maart 1985 Kagiso, Krugersdorp

28 Maart 1985 Universiteit van die Noorde en Swartwoongebied Mankweng

28 Maart 1985 Soweto

1 April 1985 Kaapse Skiereiland

2 April 1985 Johannesburg

PROTESVERGADERINGS

23 Maart 1985 Athlone, Kaapstad (ongeveer 130 persone)

25 Maart 1985 Universiteit van Kaapstad (800 studente)

26 Maart 1985 Schauderville, Port Elizabeth (getal onbekend)

2 Maart 1985 Hanoverpark, Kaapstad (ongeveer 1 300 persone)

28 Maart 1985 Khotsohuis, Johannesburg (ongeveer 200 mense)

28 Maart 1985 Kagiso (ongeveer 35 persone)

28 Maart 1985 Lotussaal, Pietermaritzburg (ongeveer 400 persone)

28 Maart 1985 Lamontville, Durban (ongeveer 300 persone)

28 Maart 1985 St Anthony's Hall, Durban (ongeveer 200 persone)

28 Maart 1985 Universiteit van Natal (ongeveer 150 studente)

28 Maart 1985 Universiteit van Durban-Westville (300 studente)

30Maart 1985

Durban (400 persone)

1 April 1985

Durban (6 000 persone)

Die UDF het met hierdie kampanje 'n ernstige klimaat van vyandigheid teenoor die Polisie in besonder en die owerheid in die algemeen geskep. Hierdie klimaat het beslis aanleiding gegee tot meer aggressiewe optrede teen die S A Polisie en owerheidsinstellings wat weerspieël word in die toename van aavalle op die S A Polisie en gemeenskapsleiers.

22. Tydens die Nasionale Algemene jaarvergadering van die UDF op 1985-04-05 tot 1985-05-07 te Azaadville Krugersdorp is Curnick NDLOVU, 'n voormalige ANC saboteur wat vir sy sabotasiedade 20 jaar tronkstraf opgelê is en wie ook 'n gelyste kommunist is, tot Nasionale Uitvoerende voorsitter verkies. 'n Ander gelyste kommunist Zolie MALINDI is ook tot die Nasionale bestuur verkies. Die feit dat die UDF nie skroom om gelyste kommuniste in hul uitvoerende komitee op te neem nie toon duidelik waar hul simpatie lê.

Die volgende verklarings, uitlatings en besluite is tydens die vergadering gedoen.

POPO MOLEFE (nasionale algemene sekretaris) het die UDF se oogmerke as drieledig beskryf, nl. om die Staat in 'n meerdere mate van die publiek te isoleer, om die Staat van die internasionale gemeenskap te isoleer en om tweespalt te veroorsaak tussen die junior en senior vennote in die Parlement (verwysende na die driekamer parlement).

"TERROR" LEKOTA (publisiteitsektaris) het gesê dat die Swart gemeenskapsleiers subtiele geweld gebruik teenoor hul eie mense en dat hulle "klein VORSTERS en BOTHAS is" en dat die geweld wat nou teenoor hulle gebruik word slegs verdedigende geweld is.

Die volgende besluite is daarna geneem:

- om die Staat effektief uit te daag;
- om die Staat se voornemens te frustreer en die Staat te forseer agteruitgang;
- massa protesvergaderings en burgerlike ongehoorsaamheid aan te moedig; en
- teen buitelandse beleggings te protesteer maar nie direk op disinvestering aan te dring nie.

Na die vergadering het TRERROR LEKOTA 'n perskonferensie gehou en o.a. verklaar dat:

- die tyd aangebreek het vir 'n nuwe aanslag teen die regering;
- daar nog tyd vir die regering is om met die "ware" leiers te onderhandel en "apartheid" af te breek;

- die UDF knelpunte aanhoudend sal opneem en aaval en nie met persverklarings tevrede sal wees nie;

- daar nie gekroom sal word om met aktiviste in die strate 'n opmars te hou nie;

- daar ander maniere gevind sal word om "nee" te sê;

- daar teen die Nieu-Seelandse rugbytoer betoog sal word; en

- burgerlike ongehoorsaamheid nie die regte woord is vir wat beplan word nie want dit kom neer op erkenning van bestaande wetgewing en daar is geen wetgewing in die RSA wat hul agting afdwing nie.

24. Hierdie klimaat wat die UDF en sy filiale skep, lei tot konfrontasie met die polisie en 'n verset teen owerheidsinstellings waartydens heelwat mense gedood, amptenare se huise aan die brand gestek, openbare geboue beskadig, asook polisie- en privaatvoertuie beskadig word.

Tans die begrafnis van persone wat gedurende die oproer gedood is, word emosionele politieke toesprake gehou wat weer tot verdere konfrontasie en geweld lei. Hierdie begrafnisse dien gewoonlik as platforms vir aktivistesprekers en kan inderdaad as versetvergaderings beskou word.

Al hierdie protes-, verset- en boikotaksies wat tans binne die RSA aan die gang is, veral binne die raamwerk van die ANC se oproep deur OLIVER TAMBO en ander ANC-leiers om Suid-Afrika onregeerbaar te maak.

25. Die UDF en sy filiale poog om deur 'n algemene toestand van onregeerbaarheid te skep, te bewys dat die Regering die onrusituasie nie kan stabiliseer nie en gedwing kan word tot alternatiewe optrede, soos die hou van 'n nasionale konvensie. Hoewel 'n algemene toestand van onregeerbaarheid nie in die RSA heers nie, word probleme ondervind met die implementering van die derdevlakregeringstelsels in Swart woongebiede. 'n Vakuum wat reeds in bepaalde Swart woongebiede geskep is en wat subversiewe organisasies probeer vul, dui reeds op 'n mate van onregeerbaarheid binne daardie woongebiede. Sedert die afgang van die onrus tot en met 25 Junie 1985 het 33 Swart plaaslike besture opgehou om te funksioneer, terwyl geen van die plaaslike besture, wat voor Junie 1985 opgehou het om te funksioneer, weer in werking gestel is nie.

26. Die UDF en sy filiale is besig om vir die ANC/SAKP 'n infrastruktuur te skep wat infiltrasie sal vergemaklik, asook die nodige politieke infrastruktuur waardeur die Regering openlik uitgedaag kan word. Daarbenewens bevorder die UDF, as 'n oorkoepelende front op politieke gebied, die ANC se doelstelling om eenheid in optrede en gesamentlike optrede ("Unity in Action - United Action") te verwesenlik. UDF-bepanning om Noord-Transvaal te aktiveer en sy verbandhoudende UDF-optrede in Nylstroom en Pietersburg, is onder andere daarop gerig om 'n politieke infrastruktuur in Noord-Transvaal op die been te bring.

27. Die verbruikersboikotte wat tans deur die UDF en sy filiale in die Oos-Kaap en Grens toegepas word, blyk sowel 'n effektiewe ekonomiese as politieke wapen teen die Regering te wees. Dr Allan BOESAK het na aanleiding hiervan 20 Julie 1985 tydens die GONIWE-begrafnis op die uitbreiding van die boikotte na alle dele van die land aangedring.

28. Blanke radikale organisasies waaronder die UDF-geaffilieerde Grahamstown Committee of Democratic (GCD) is ook van mening dat die effektiwiteit van verbruikersboikotte, vergeleke met ander metodes van protes, in die volgende geleë is:

- dit is 'n nie-gewelddadige, dog kragtige en samebindende metode van protes;

- dit is 'n vreedsame metode om Swartes se frustrasies en eise bekend te maak en invloedryke Blankes in byvoorbeeld stadsrade en die georganiseerde handel te forseer om druk op die Regering uit te oefen om aan die eise toe te gee; en

) dit dui op die interafhanklikheid van die Swart en Blanke gemeenskappe asook die integrerende deel wat die Swart verbruiker in die ekonomie vorm.

29. Bogenoemde verbruikersboikotte word effektief op die Swart gemeenskappe afgedwing deur veral grootskaalse gewelddadige intimidasie en deur die vernietiging van voorrade wat by Blanke ondernemings gekoop is. Op hierdie wyse is daar reeds geslaag om Blanke ondernemings, veral in die platteland, finansiëel te benadeel. Gevolglik kan verwag word dat die UDF sal poog om dit so lank moontlik te laat voortduur, selfs al sou daar aan sommige van hulle eise voldoen word.

30. Een van die primerêre doelwitte van die UDF is om die huidige konstitusionele hervormingsinisiatiewe buite bestaande parlementêre strukture, dog kwansuis op 'n wettige grondslag, op alle denkbare terreine te opponeer. In hierdie verband neem die UDF aktief deel aan nasionale boikotaksies teen die verkiesing van Swart gemeenskapsrade, die Kleurling- en Indierverkiesings asook die nuwe Regering in die algemeen. Teenkanting jeens vermelde verskynsels word onder andere deur middel van opruiende massavergaderings, propaganda-materiaal en by monde van sekere alternatiewe media-strukture aangemoedig en gekoördineer.

Ander aspekte van Regeringsbeleid wat ook deurlopend deur die UDF en sekere van sy surrogaatstrukture kritiseer word sluit in hervestiging, trekarbeid, behuisingsknelpunte, veiligheidswetgewing, nasionale diensplig en die groepsgebiedewet.

31. Gedurende April 1985 word samesprekings gevoer i.v.m. die stigting van 'n ADMINISTRATIVE TRAINING PROJECT (ATP) vir opleiding van alle vrywilligers wat vir organisasies onder die UDF-sambreel werk. Die ATP val onder die beheer van die UDF en die opleiding sal die volgende behels.

- praktiese indiensopleiding
- byhou van korrekte rekords
- boekstaving van skenkings

Die UDF adverteer tans die beskikbare fondse.

32. 'n Aantal Natalse UDF-leiers, waaronder Curnick NDLOVU, Yunus MOHAMED, Roy PADAYACHEE en Pravin GORDHAN besoek Soweto gedurende Junie, Julie 1985. Hiertydens voer hul samesprekings met die UDF-ondersteuners wat betrokke was by die onluste wat sedert September 1984 in die Vaaldriehoek en die Oos-Kaap voorkom, en besluit om 'n soortgelyke onrusklimaat in die Durban-omgewing te skep. Na aanleiding van die besluit is 'n groep wat hoosaaklik uit jeugdige bestaan het, uit Transvaal na Durban vervoer om te help met die klimaatskepping in die gebied.

33. Die Swart faksie van die UDF-geaffilieerde Cape Youth Congress (CAYCO) het hom op 'n vergadering op 5 Augustus 1985 in die "T" plakkerskamp (naby Kaapstad) uitgespreek teen die UDF-georganiseerde verbruikersboikot in die Wes-Kaap, die intimidasie van persone wat wel goedere by Blanke sakeondernemings koop en die verspreiding van UDF-pamflette deur Swart jeugdige. Die vergadering het ook besluit dat Rosberry SONTU (President van CAYCO) vanweë sy voortgesette betrokkeheid by UDF-geïnisieerde versetaksies nie meer as leier van die organisasie erken sal word nie.

Die CAYCO-faksie is gekant teen alle inisiatiewe van die UDF aangesien hulle "..." aan CAYCO wil voorskryf wat om te doen en hoe om op te tree".

4. 'n Bestuurslid van die East London Friends of the UDF (ELF-UDF) besoek op 13 Augustus 1985 dat Kleurlingbestuurskomitee lede in East-Londen se huise gelyktydig afgebrand gaan word en dat die huis van Peter MOPP (lid van die Huis van Verteenwoordigers) met andgranate verwoes gaan word. MOPP se huis is reeds op 12/13 Augustus 1985 deur oproeriges met petrolbomme aangeval, waar 'n ander ELF-UDF lid opgemerk het: "He is a lucky man because we missed him".

5. Op 1985-08-14 hou die UDF (Wes-Kaap) 'n banket te Wynberg waar 'n beroep gedoen word op die aanwesiges om die verbruikersboikot te teun, ook deur finansiële bydraes. Verder word die INKATHA - UDF tryd, en die "GUTTER EDUCATION" bespreek. Twee bydraes van R1000 00 elk is tydens die vergadering ontvang.

6. Gedurende 19 tot 26 Augustus 1985 loods die UDF 'n boikotaksie teen die EVENING POST en die EASTERN PROVINCE HERALD weens die afname in publisiteit aan gebeure in Swart woongebiede en omdat berigte daaroor wat wel gepubliseer word, "...saamgestel word uit politieke verklarings".

7. Die UDF het reeds 'n suksesvolle boikotveldtog teen die DAILY DISPATCH gevoer, wat op 26 Julie 1985 beëindig is na onderhandelinge tussen die UDF en die bestuur van die koerant.

37. Die UDF hou 'n massa-vergadering op 20 Augustus 1985 te Mitchell'splein, Kaapstad waar verskeie sprekers optree en o.a. die volgende uitlatings maak.

Imam Hassan (lid van die JUDICIAL COUNCIL) het die afkondiging van die noodtoestand kritiseer en voortgesette klasseboikotte en die verbruikersboikot propageer;

Veronica SIMMERS (sekretaresse van die UDF-Mitchellsplein) het uitgewei oor behuisingsprobleme en dit toegeskryf aan die miljoene rande wat die SAW "ingepomp" word;

Trevor MANUEL (organiseerder van die UDF Wes-Kaap) het beweer dat die SAP talle UDF kantore landwyd gesluit het maar dat dit nie hulle inisiatiewe sal stuit nie, die verbruikersboikot propageer en verklaar dat hulle sal aanhou met die terrorisering van ministers RAJBANSI en HENDRICKSE totdat hulle uit hul ampte bedank; en Dr Allan BOESAK (beskermheer van die UDF) het verklaar dat die Staatspresident dom is en sy verklaring op 15 Augustus 1985 in Durban niksseggend is. Volgens hom belieg die radio en media die massa, net soos die Staatspresident ook doen. Hy het voorts o.a. die verbruikersboikot en skoleboikot propageer en verklaar dat die mense nie gerugte en pamflette wat deur die Regering versprei word moet glo wat verklaar dat die verbruikersboikot afgelas is nie aangesien hy wat BOESAK is, self die mense sal ingelig, sou besluit word om die boikot af te las.

Die volgende resolusies is ten besluite eenparig aanvaar:

- die noodtoestand moet opgehef word;
- NELSON MANDELA moet vrygelaat word;
- alle "politieke gevangenes moet vrygelaat word; en
- die doodmaak van mense betrokke in die "stryd" moet beëindig word.

38. 'n UDF-koördineersvergadering is op 1985-08-25 te Hazendal gehou met verskeie linkse persone as sprekers. Al die sprekers gaan in op voorgenome opmars na Pollsmoor-gevangenis op 1985-08-28. Die geestelikes sal voor loop met die kinders en ander volwassenes agterna, om sodoende te keer dat die polsiie die mense en kinders beseer.

'n "Naweek van Ontwrigting" word ook beplan, waarop die winkels wat geboikot word, ontwrig moet word (Datums onbekend).

39. Die UDF het 30 000 eksemplare van NEWSLETTER - SPECIAL EMERGENCY EDITION AUG 85 in Johannesburg laat druk. Die inhoud daarvan behels o.a. items onder die volgende selfverduidelikende opskrifte:

- DON'T BUY AT WHITE SHOPS:
- UDF BACKS MINE STRIKE:

- BOTHA CANNOT MEET OUR DEMANDS - THE FUTURE IS OURS TO DETERMINE;
en

- UDF SAYS - KEEP ON WITH THE STRUGGLE.

40. Die UDF het onlangs by monde van Murphy MOROBE (waarnemende Nasionale Publisiteitsekretaris) sy steun toegesê aan die Franse regering se onttrekking van sy Ambassadeur aan die RSA. Die beweging het bg regering ook geloof vir die verbod op nuwe Franse investering in die RSA en die hoop uitgespreek dat ander Westerse regerings soortgelyke stappe sal doen.

Volgens MOROBE sien die UDF uit na die dag wanneer die Franse regering op die hoogste vlak betrekkinge met die beweging sal handhaaf en "...Suid-Afrika 'n regering het waarop die internasionale gemeenskap trots kan wees".

MOROBE het ook oa 'n beroep op die internasionale gemeenskap om die RSA op politieke, kulturele en ekonomiese terrein te isoleer. Hy het v lts verklaar dat die Veiligheidsmagte tans "...gevrywaar is" van enige geregtelike optrede en dat die beskerming van die aangehoudenenes ingevolge die noodmaatreëls "...grootliks afhang van internasionale protes teen die Suid-Afrikaanse regering se optrede en sy toepassing van die noodmaatreëls.

41. Tshwete (President van die UDF (Grensstreek) sowel as lid van die Nasionale uitvoerende Bestuur spreek die massa-begrafnis van onluste slagoffers te Duncan Village, Oos-Londen op 1985-08-31 toe en maak o.a. die volgende uitlating. "It will not be long before the fires are burning in Oxford Street in East London and other cities. The war is no longer on the borders but at the doorsteps". Verskeie ander sprekers tree ook op en 'n pamflet getiteld "Duncan Village Massacre 12 - 14 August" is ook tydens die diens versprei. Hierin word aanvalle geloods teen die Weermag, die apartheidsbeleid, gemeenskapsbeleid, gemeenskapsrade en die nuwe bedeling.

42. Tydens 'n onlangse vergadering van die Oos-Londen tak van die UDF (Grens) is 'n aantal persone na bewering aangestel as MARSHALLS en CAPTAINS.

Die MARSHALLS se pligte is om persone wat verdink word van samewerking met die SA Polisie se woonhuise op ongereeelde tye te besoek en te bepaal wie van hierdie persone met lede van die Veiligheidstak kontak het.

Die CAPTAINS moet strategie, wat tydens onluste gevolg moet word, beplan. Die CAPTAINS dra hul besluite aan die MARSHALLS oor wat dit weer aan die jeug oordra.

Die MARSHALLS is almal jeugdige terwyl die CAPTAINS na bewering almal oud-ANC-lede is wat reeds vonnisse op Robbeneiland uitgedien het.

43. Die UDF stel 'n memorandum saam gedurende Augustus/September 1985 en versprei dit aan alle groot besighede en maatskappye.

Die memorandum sien as volg daaruit:

1. PREAMBLE

South Africa is in a severe economic, social and political crisis. An escalating civil war is raging between the minority Botha government and the oppressed people of South Africa.

This government has launched a brutal and unrelenting campaign of repression, violence, murder and wanton destruction against our people. It now seeks to justify its inhumanity and callousness by declaring a State of Emergency in certain parts of South Africa.

Our valiant people are resisting apartheid everywhere. In our communities our people are struggling against high rentals, indecent housing and the Black local authorities. In our schools and universities our youth protest against racist education. Workers are organising against unemployment, low wages, harsh working conditions and generally increasing numbers of the oppressed people are actively engaging in the struggle for a united democratic South Africa.

In recent years the United Democratic Front has been at the forefront of the struggle against apartheid. Today the United Democratic Front (UDF) enjoys popular support throughout South Africa amongst all sections of our people. The inevitable consequence of this is that the UDF has been the main target of the government's repression. UDF leaders, activities and supporters throughout the country are facing treason trials, are detained, jailed under the emergency laws, are murdered and generally persecuted by Botha's security forces.

2. A HISTORIC CHOICE

It is in the above context, where our people are showing an unparalleled determination, even willingness to die for their freedom that the UDF has the historic responsibility, as the foremost legal popular voice of the people, to pose a vital challenge to certain persons, organisations and countries:

ARE YOU SUPPORTING THE APARTHEID SYSTEM

Or

ARE YOU WILLING TO SUPPORT THE OPPRESSED PEOPLE OF SOUTH AFRICA

The time for vacillation and equivocation is over. The time "constructive egagement" and a policy of "persuasion" is over. At a time when hundreds of our people are being killed, thousands are in jail, leaders are being assasinated, vacillation can only be construed to mean explicit support for the Botha government and its campaign of repression.

To the following we address the above challenges and demand that a choice be made between the Botha government and the oppressed people.

(i) All foreign governments who enjoy diplomatic relations with South Africa

(ii) All foreign companies and business men who have an interest in South Africa

(iii) South African business men as represented by organisations such as ASSOCOM, FCI, Handelsinstituut, Chamber of Mines, Afrikaanse Sakekamer, etc.

3. THE BOTHA GOVERNMENT : PREPERATIONS OF VIOLENCE AND BRUTALITY

The violence perpetrated by various white minority governments against the oppressed majority is legend in our history. Sharpeville in 1960; Soweto in 1976; The Western Cape in 1980; The Vaal Triangle in 1984; Uitenhage in 1985.

After these experiences there can be no doubt the intentions of the Botha government in which we include the Sebes, Hendrickses and Rajansis. Contrary to the image of "reform and negotiation" the Botha government has shown itself to be:

3.1. unwilling to compromise on the following fundamental demands of the majority which must be met if there is to be a peaceful future for all South Africans, Black and White:

3.1.1. a united non-racial South Africa;

3.1.2. all the people of South Africa must participate equally in the government of the country;

3.1.3. universal franchise;

3.1.4. ending exploitation of man by man.

3.2. refusing to enter into meaningful negotiations with the authentic leaders and organisations of the people and creating the conditions for such negotiations by:

3.2.1. releasing all political prisoners;

3.2.2. permitting the return of all exiles;

3.2.3. unbanning the banned organisations;

3.2.4. ending the persistent and increasing detention, trial and imprisonment of popular leaders.

3.3. Launching an unrelenting campaign of terror against our people and organisations and now giving licence to the "security forces" occupying our townships.

3.4. directly responsible for the disappearance and assassination of UDF activities and leaders.

3.5. forcibly imposing puppets and dummy institutions like the Black local authorities against the express will of our people.

3.6. wilfully destabilising Southern Africa as seen in Cabinda and Gaberone raids.

3.7. flagrantly disregarding international opinion as in the case of the Coventry Four and Namibia

3.8. refusing to address the daily problems affecting our communities; high rents, unemployment, etc.

BOTHA : INCAPABLE OF PEACE AND REFORM

4.1. The Botha government and its satellites are increasingly regarded as illegitimate and do not enjoy any credibility among the vast majority of Sour Africans.

4.2. This government can only maintain its position through violence and by refusing to accede to the basic human rights that our people struggle for.

4.3. There is no fundamental reform taking place in South Africa. The essential fabric of apartheid remains unchanged. This is confirmed by the violent response

4.3. CONTINUED

of this government to the legitimate grievances and protests of the people in the Transvaal and Eastern Cape in particular.

4.4. It is the firm view of the UDF that the Botha government is incapable of bringing peace and initiating fundamental reform in our beloved country. Instead this government is:

4.4.1. provoking and fuelling hatred and counterviolence from our people in their selfdefence;

4.4.2. destabilising the Southern African region and posing a threat to regional and world peace. Further evidence of this is the recent threat by Botha to forcibly expel over a million "foreign" workers from South Africa.

4.4.3. sabotaging the right of the Namibian people to freedom and independence.

5. WHO CONSPIRES WITH BOTHA AGAINST US

5.1. The Botha government would have been unable to subjugate the majority and defy world opinion without active assistance and connivance of certain governments and local and foreign business in particular.

5.2. The UDF believes that there is an international conspiracy among the South African governments, certain foreign governments,

foreign and local big business to continue the oppression and exploitation of the majority in South Africa in one form or another.

5.3. FOREIGN GOVERNMENTS

5.3.1. At the outset we acknowledge the assistance given by certain governments to our struggle and hope that they would intensify their efforts to isolate South Africa internationally.

5.3.2. On the other hand the American, British and West German governments stand accused of conspiring with the Botha government and wilfully impeding our struggle for democracy by:

5.3.2.1. giving open diplomatic support to the Botha government in international forums:

5.3.2.2. by encouraging investment in South Africa and engaging in the super exploitation of workers as seen for example in the case of BTR SARMCOL in Howick, Natal;

5.3.2.3. supplying the technology and material for the development of the armament and nuclear industry in South Africa which is being used to subjugate our people

5.3.2.4. active collaboration with the South African Defence Force, the South African Police and other state agencies through the supply of technology, intelligence and other resources;

5.3.2.5. promoting the minor cosmetic changes undertaken by Botha as reform leading to fundamental changes to apartheid and defending the policy of constructive engagement on this basis.

5.4. FOREIGN BUSINESS AND BANKS

5.4.1. Billions of rand are being poured into South Africa:

5.4.1.1. as loans to the Botha government,

5.4.1.2. as loans to the para-statal companies e.g. ESCOM,

5.4.1.3. as investment in the Bantustans,

5.4.1.4. as investments in the private sector.

5.4.2. The effects of the above are:

5.4.2.1. strengthening of the apartheid system;

5.4.2.2. using the repressive machinery of this system to protect such investment;

5.4.2.3. the super exploitation of the black workers.

thereby conspiring with the Botha government to secure your mutual survival

5.4.3. The UDF therefore finds unacceptable the facile and naive contention of foreign business men that their continuous presence in South Africa is in the interests of the Black majority.

5.5. SOUTH AFRICAN BIG BUSINESS

5.5.1. Organised business has given open support to the:

5.5.1.1. declaration of the state of emergency;

5.5.1.2. use of state violence to "normalise the situation";

5.5.1.3. killing, imprisonment and detention of thousands of activists and leaders throughout the country.

5.5.2. The call for "law and order" in the South African context is a call for the continuation of white domination.

5.5.3. Business has given unqualified support to Botha's meaningless and inconsequential "reform programme" in exchange for unfettered exploitation of Black labour, the increasing monopolisation of industry and commerce, and access to parastatals.

5.5.4. Business and the Botha government are undoubtedly joint partners in the persecution and exploitation of the Black majority.

UDF DEMANDS OF THE BOTHA GOVERNMENT

Peace and prosperity can only be restored to our country if the Botha government meets the following demands:

6.1. OUR DEMANDS

6.1.1. The immediate and unconditional release of Nelson Mandela and all political prisoners, all those detained and the withdrawal of charges against all those facing political trials.

6.1.2. The unbanning of all political organisations and return of all exiles.

6.1.3. The immediate scrapping of all discriminatory legislation.

6.1.4. Negotiation with the true representatives of the people.

6.2. OUR IMMEDIATE DEMANDS

6.2.1. The immediate lifting of the emergency.

6.2.2. The withdrawal of the South African Defence Force and South African Police from unrest areas.

6.2.3. The immediate dismantling of community councils and the puppet structures.

6.2.4. Negotiations with the real leaders at the community level.

5.2.5. Address people's daily problems - rent, education, wages, racial discrimination.

UDF DEMANDS OF CERTAIN FOREIGN GOVERNMENTS

7.1. The political and diplomatic isolation of South Africa:

7.1.1. by breaking diplomatic ties with South Africa

7.1.2. expelling and excluding South Africa from all international forums.

7.2. The immediate termination of the policy of constructive engagement pursued by the American, British and West German government.

7.3. The immediate cessation of military, technological and intelligence support to the Botha government.

7.4. Stop the "wait and see" approach to Botha's reform when there exists no evidence that there is any intention to stop apartheid.

7.5. Extend economic sanctions and sports boycotts urgently.

7.6. Give positive support in every sense to the UDF and democratic movements in their endeavour to oppose the vicious Botha government.

UDF DEMANDS OF FOREIGN BUSINESS

8.1. Stop all forms of financial and material assistance to the Botha government, the bantustans and South African business.

8.2. It is a proven fact that your continued participation in the South African economy sustains apartheid and encourages belligerent and violent policies of the Botha government. Are you willing to continue being a party to genocide?

8.3. In the interim, full rights must be accorded to workers and the trade unions: living wages, decent living conditions, proper working conditions.

8.4. You must await the day when your investments can be used for the development and strengthening of a genuine democracy governed by all the people of South Africa.

9. UDF DEMAND OF SOUTH AFRICAN BUSINESS

9.1. Organised business must stop its support for the Botha government and its fraudulent reforms.

9.2. Withdraw your support for the State of Emergency and the use of force and demand immediate:

9.2.1. lifting of the State of Emergency;

- 9.2.2. unconditional release of all detainees;
- 9.2.3. unconditional release of all political prisoners;
- 9.2.4. withdrawal of South African Police and South African Defence Force from the townships.
- 9.3. Support our call for direct negotiations between the Botha government and the authentic leaders and organisations of the people.
- 9.4. Permit unrestricted organisation of workers into trade unions. Pay a living wage and ensure decent working and living conditions.
- 9.5. Stop support for "lrebel" sports tours which breaks the international isolation campaign against South Africa.
- 9.6. Even if you cannot be persuaded on moral grounds selfinterest alone dictates that you support the organisations of the people and initiate meaningful discussions with them.

CONCLUSION

We are confident that the people of South Africa will soon be in a position to judge who were their allies in the quest for freedom and who were the opponents.

There is no middle road left in South Africa. The choice clearly is between the aggressor, the Botha government, and the aggrieved, the oppressed people of South Africa.

The UDF must demand that all governments, individuals and organisations throughout the world and in South Africa do everything possible to bring the Botha government to its senses and stop the genocide taking place in our country.

POSTSCRIPT

As this memorandum was being drafted, Mrs Victoria Mxenge, Treasurer of the UDF, Natal, and executive member of the Natal Organisation of Women and the Release Mhadela Committee was assassinated by agents of this government. This is what you support when assisting the Botha government.

September 1985

44. Die UDF Nasionale Uitvoerende Komitee beplan om 'n afvaardiging na Brittanje en Wes-Europa te stuur om die beweging se uitgangspunte te stel en sodoende hoofminister BUTHELEZI van Kwa-θulu se standpunte oor o.a. die onrusituasie, die UDF asook disinvestering in "die regte perspektief" te plaas.

Stone SIZANE (publisiteitsekretaris van UDF Oos-Kaap) het hom reeds op 11 Augustus 1985 bereid verklaar om as UDF-afgevaardigde na die buiteland te gaan.

45. Die UDF in Wes-Kaapland versprei tans 'n INFORMATION SHEET tydens vergaderings waarmee gepoog word om terugkeer te kry oor die wy. van aanbieding en wat die inslag van die algemene publiek is. Hierdeur word verbeter en potensiele ondersteuners geïdentifiseer met die oog op uitbreiding van hul invloedssfeer en aktiwiteite.

Die vraelys sien soos volg daaruit:

WE WOULD LIKE TO HEAR YOUR OPINION ABOUT TONIGHT'S MEETING. WE WOULD ALSO APPERCIATE YOUR RESPONSE TO THE FOLLOWING:

HOW DID YOU HEAR ABOUT THIS MEETING?

POSTERS ... PAMPHLETS ... PRESS ... FIEND ... OTHER ... (SPECIFY)
...

WOULD YOU LIKE TO MAKE ANY COMMENTS ABOUT THIS MEETING?

.....

WOULD YOU LIKE THE UDF TO KEEP IN CONTACT WITH YOU?

WOULD YOU LIKE TO RECEIVE ANY LITERATURE PUT OUT BY THE CLAREMONT & OBSERVATORY AREA COMMITTEES OF THE UDF?

.....

WOULD YOU BE INTERESTED IN ATTENDING A HOUSE MEETING IN YOUR AREA?

.....

WOULD YOU BE INTERESTED IN HOSTING A HOUSE MEETING OF A FEW OF YOUR FRIENDS, TO BE ADDRESSED BY A UDF SPEAKER?

.....

NAME:

ADDRESS:

POSTAL ADDRESS : 131 MAIN ROAD., OBSERVATORY

46. Gedurende die nag van 5 en 6 Oktober 1985 word pamflette in die swartwoonbuurt Beaufort-Wes versprei. Hierop verskyn die UDF-embleem asook op die voorblad 'n stuk onder die opskrif "Die Boere is bekommerd" en op die agterblad verskyn hul eise i.v.m. die woonbuurt.

47. Die UDF hou 'n koördineerdersvergadering op 1985-10-06 te Athlone waar die verbruikersboikot hoofsaaklik bespreek is.

MARKS het gemeld dat indien die mense deur die SAP in hegtenis geneem word en ondervra word oor die verbruikersboikot, moet hulle meld dat die boikot geroep is in solidariteit met hulle kamerade in die Oos-Kaap.

JOE ADAM het bygevoeg dat die mense moet se dat die UDF die verbruikersboikot ondersteun maar dat die UDF nie die alleenstruktuur t...v. die verbruikersboikot vorm nie.

Hy het verder gemeld dat verskeie organisasies die verbruikersboikot ondersteun en deel van die struktuur vorm.

THERESA SOLOMON het genoem dat dit moonlik is om te werk op 'n selektiewe winkelboikot. Sy het o.a. gemeld dat daar nog baie mense by OK Basaars en PICK AND PAY koop, omrede hulle pryse op basiese voedselsoorte so laag is. 'n Onbekende swart vrou verbonde aan die UNITED WOMENS ORGANISATION het gemeld dat dit nou die tyd is dat die vrouens tot aksie moet oorgaan. Sy het gemeld dat baie vroues en kinders alreeds seergekry het vanwee die optrede van die veiligheidsmagte. Sy het gemeld dat die UWO beoog om op 1985-10-13 'n massavergadering in die swartwoongebiede te hou.

48. Gedurende Oktober 1985 word die amptelike publikasie van die UDF (Natal) UDF News in Wentworth, Durban versprei. Hieruit blyk dit dat "...Vrede in Suid-Afrika slegs moontlik is indien vrye en onverderfde verkiesings vir een parlement in 'n onverdeelde Suid-Afrika plaasvind sodat die Mandelas, Sisulus, Kathradas, Nairs en Boesaks hulle regmatige plek kan inneem in een parlement wat waarlik die bevolking verteenwoordig."

Daar word ook aangedring op die afskaffing van "apartheid", die ontbinding van die SAP en die SAW, die vrylating van alle "politieke gevangenes" en die opheffing van die verbod op "alle organisasies van die bevolking". Diegene betrokke by die "Konvensie-alliansie" (tans die National Convention Movement - NCM) word ook gekritiseer, o.a. omdat hulle "...namens die bevolking besluite neem".

49. 'n UDF-massavergadering is op 19 Oktober 1985 te Kaapstad gehou, waar ongeveer 3000 persone teenwoordig was.

Verskeie UDF persoonlikhede, waaronder Christmas TINTO, Zoli MALINDI, Jeremy CRONIN, Vivian DANIELS, Mildred LESIA en Trevor MANUEL, het as sprekers opgetree. Die volgende uitsprake is o.a. deur hulle gemaak.

daar sal opgetree word teen Kleurlingmoeders wat die verbruikersboikot van Blanke winkels oortree - hulle sal gedwing word om rou wors en hoenders te eet en visolie te drink;

- die inwoners van Kruispad sal nie hoër huishuur nie;

- die regering maak 'n fout deur te dink hulle kan die UDF vernietig deur hul leiers aan te hou - die stryd gaan voort en die UDF sal nooit stilgemaak kan word nie;

- die tereggestelde ANC terroris, Ben MOLOISE, is 'n held wat deur die regering vermoor is;

- daar oor 'n datum vir 'n opmars na Caledon Plein besin moet word ten einde aangehoudene Shirley DUNN te gaan bevry;

- veiligheidsmagte moet uit die woongebiede onttrek;
- alle aangehoudenes moet onmiddellik vrygelaat word; en
- die stryd moet voortgaan want die FREEDOM CHARTER is die enigste basis waarvolgens die rykdom en regering van die land gedeel kan word.

50. Die UDF het op 17 Oktober 1985 'n dringende vergadering te Ubunye House, Pietermaritzburg gehou om 'n voorgename massavergadering te bespreek ten einde:

- die moreel van die mense wat deur die sg. "Third Force" (Inkatha) aangeval word, te verhoog;
- aan te toon dat die UDF nie dood is nie en ook nie die "Third Force" vrees nie;
- die "vuil-werke" van Inkatha, wat binne die "system" werk, te ontbloot; en
- die Hoogverraadverhoor bekend te stel en persone daarom heen te politiseer.

Die datum en plek van die vergadering sal tydens 'n Verdere vergadering op 24 Oktober 1985 te Ubunye House bepaal word.

51. Tydens die vergadering op 1985-10-24 is o.a. die volgende besluite geneem dat:

- omgesien moet word na die welsyn van die 16 beskuldigdes in die hoogverraadsaak en 'n komitee wat spesifiek daarvoor verantwoordelik sal wees is aangewys;
- die UDF voortaan self persverklarings sal vrystel waarin hul reaksie op en sienswyse van gebeure, veral optredes teen die UDF, weergegee sal word. Veral INKATHA en sogenaamde BALACLAVA ATTACKERS se optredes sal uitgelig word;
- die beoogde massavergadering waartoe daar op die vorige vergadering besluit is, in die lig van die huidige hofsaak te Pietermaritzburg liewer uitgestel moet word en vervang word met 'n nagwaak om simpatie te betoon met slagoffers van die onrus in Wes-Kaapland, solidariteit te betoon met die 16 UDF-beskuldigdes in vermelde hofsaak en afkeur te betoon met die afkondiging van die noodtoestand in sekere gebiede. Geen datum vir die nagwaak is egter bepaal nie; en
- die UDF voortaan steun sal verleen aan die MPOPHOMENI YOUTH ORGANISATION in 'n poging om meer van die Swart jeug vir die UDF te wen.

52. Inligting is ontvang dat die prokureursfirma CARRUTHERS AND COMPANY in London, Engeland die bedrag van 25000 Britse pond (+- R100 000) gedurende die eerste helfte van Oktober 1985 aan die firma

SEEDAT PILLAY AND GOVINDSAMMY in Durban oorbetaal het ter delging van die regskostes van die UDF aangeklaagdes in die Pietermaritzburg hoogverraadsaak.

53. Oktober 1985: Die UDF (WP) beoog om die huidige eksamenboikot na 'n huishuurboikot om te swaai. Die leuse van die boikot sal wees: "As jy huur betaal is jy 'n verraaiër en toon jy geen respek vir die wat vir die stryd gesterf het nie."

54. Die Africa Groups of Sweden het tydens sy 11de jaarlikse kongres solidariteit aan die UDF betoon en die UDF geluk gewens met die sukses wat hy tot dusver behaal het.

Verder het hul ook die hoogverraadsake teen UDF-lede veroordeel en hul volle steun beloof vir die UDF se pogings om "bevryding" van "apartheid en onderdrukking" in die RSA te bewerkstellig.

55. Op 19 November 1985 is 'n UDF -pamflet, getiteld UDF ORGANISEERING TRANSKEI, in die Veiligheidstak kantore gevind. Die pamflet is gerig aan die eerste minister, kabinetslede en departementele sekretarisse van die Transkei regering waarin hul bedanking voor 25 Desember 1985 geëis word, of "failing which you are all going to be banned".

Verder word geëis dat Transkeise burgers toegelaat moet word om by die "ware leiers" soos MANDELA, TAMBO en SISULU aan te sluit.

56. Gedurende September 1985 is die moontlikheid geopper om "met terorrisme in Suid-Afrika te skakel" ten einde opleiding vir jeuggroepe te bekom.

Hieruit volg dit dat UDF-aktiviste gedurende November 1985 beplan om aanvalle op prominente Inkathalede te doen en om groepe jeugdige, o.a. met vuurwapens en petrolbomme bewapen, te gebruik om "UDF-ondersteuners te beskerm teen aanvalle deur Inkatha-lede".

57. Andrew HENDRICKS, die publisiteitsekretaris van die UDF, Grens het gedurende 'n onderhoud laat blyk dat daar verskille in die UDF-bestuur is oor watter vorm die bepaalde Black Christmas in die Grens moet aanneem.

Die meerderheidsgevoel is dat 'n oproep nie gedoen moet word om die boikot van winkels en kersfeesvierings nie, aangesien vorige pogings in die verband misluk het.

Indien pamflette vir 'n Black Christmas versprei sou word, moet die boodskap aan beide Blankes en anderkleuriges wees om simpatiekgesind teenoor die eise van die UDF, waaraan die regering nog nie gehoor gegee het nie, te wees.

58. Tydens die "UDF Rally" wat op 15 Desember 1985 in die Curries Fountain sportkompleks te Durban gehou is deur ongeveer 4 000 persone van alle rasse en beide geslagte bygewoon is, is die beperkinge wat deur die Hooflanddros van Durban op die byeenkoms geplaas is feitlik in geheel ignoreer.

Die lys van name van persone wat in die aansoek vir die hou van 'n op'ug byeenkoms verskyn en goedgekeur is as sprekers tydens die geleentheid bevat die name van:

- Billy NAIR;
- Curnick NDLOVU;
- Zinzi MANDELA;
- Archie GUMEDE;
- Albertina SISULU;en
- Henry FAZZIE.

Die groep wat op aanklagte van Hoogverraad tydens die Piermaritzburg verhoor vrygespreek is, het egter ook as sprekers opgetree.

59. Henry FAZZIE, Vise-president van die UDF (Oos-Kaap) en Mkhuseli JANTJIE woon op 29 Desember 1985 die begrafnis van die ANC-lede wat op 19 Desember 1985 in Maseru doodgeskiet is, in Lesotho by. FAZZIE bepleit by die geleentheid onder meer gewelddadige optrede teen die SAW asook die instel van ekonomiese dwangmaatreels deur die VSA en Brittanje teen die RSA.

Hy stel ook voor dat die RSA-regering en die SAW, as "onderdrukkers van die massa" na die voorbeeld van die Mau-Mau in Kenia op 'tradisionele wyse' beveg word. Hy doen dus indirek 'n oproep om steun aan Umkhonto we Sizwe (MK).

50. Gedurende Desember 1985 versprei die UDF(Wes-Kaap) 'n kerskaart met die volgende op die voorblad: PRISON WALLS WILL NEVER STOP THE GROWING TIDE OF FREEDOM sowel as RELEASE ALL DETAINEES.

Op die binneland verskyn die volgende boodskap : "At this time we remember all in detention, all those who have been injured and killed, all those who are unemployed and hungry. Let us work for the day when we will celebrate Christmas in Peace and Friendship".

Op die agterblad verskyn die UDF-embleem.

51. Januarie 1986 : Die UDF in die Kaapse Skiereiland is tans in drie faksies verdeel betreffende die beoogde heropening van Kleurlingskole op 15 Januarie 1986.

Die een groep stel o.a. die volgende eise vir klasbywoning deur studente:

- alle geskroste en afgedankte onderwysers moet heraangestel word; en
- alle geskorste leerlinge moet onvoorwaardelik hertoegelaat word.

Die tweede groep, wat minder aanhang geniet, steun die heropening van skole op 28 Januarie 1986.

Die derde faksie, wat hoosaaklik steun in die Mitchellsplein-omgewing geniet, propageer die standpunt dat daar geen skoolbywoning in 1986 sal wees nie.

62.

1.1. Die UDF en COSATU het in Februarie 1986 tydens 'n geslote vergadering in Johannesburg besluit om gekombineerde aksies/optrede tov die volgende aangeleenthede te loods:

- Die vrylating van Nelson MANDELA
- Groter betrokkenheid op die Gekleurde onderwysterrein.
- Die afskaffing van die "paswette"
- 'n Boikot van The Sowetan
- Jamesprekings/onderhandelings met Blanke sakelui.

1.1.1. Daar is ook besluit om op 'n deurlopende grondslag oor sommige van bg aangeleenthede te beraadslag, terwyl die UDF voorgestel het dat 'n "National Planning Committee" aangestel word om aksies rondom die moontlike vrylating van MANDELA te koördineer.

63. Tydens 'n byeenkoms van UDF-takke olv Joyce MABUDAFHASI (lid van die Mankweng Youth Congress - MAYCO) op 9 Februarie 1986 by Kratzenstein naby Pietersburg is oa besluit om

- nav die Staatspresident se standpunt oor die vrylating van Nelson MANDELA, 'n beroep op die Sowetunie en Angola te doen om nie die "prisoners of the people's war" vry te laat nie, aangesien die RSA-regering as 'n "minderheidsregering" nie namens die bevolking so 'n eis kan stel nie;

- 'n landwye verbruikersboikot op 1 April 1986 te loods;

- UDF- nasionale vergaderings in die toekoms by afgeleë plekke in Noord-Transvaal te hou ten einde inmenging deur die Veiligheidsmagte te vemy;

- indien daar nie aan die eise van 'n gelyke demokratiese onderwysstelsel en die onvoorwaardelike vrylating van "politieke gevangenes" voldoen word nie, aksies rondom die 10de herdenking van die 1976-onluste asook aksies van burgerlike ongehoorsaamheid te intensiveer, 'n volksburgermag te vorm, disinvestering aan te moedig en vanaf 1 April 1986 'n boikot van Swart opvoedkundige inrigtings te loods.

64. Op 16 Februarie 1986 het die NIC en UDF 'n gesamentlike werkskool in Asherville, Durban gehou om 'n veldtog teen die instel van streekdiensrade te bespreek. Die werkskool is deur ongeveer 100

NIC- en UDF-aktiviste bygewoon. Billy NAIR, vise-president van die UDF in Natal, het 'n uiteensetting van die parlementêre stelsel gegee en gesê dat streekdiensrade die pligte van die Natalse Provinsiale Administrasie gedurende Julie 1986 gaan oorneem. Hy het o.a. beweer dat:

- Die SDR's sal lei toe die stigting van dorpsrade wat die regering sal beheer.

- Inwoners sal vir die bestaan die SDR moet betaal en hoër huurgelde sal gehef word vir wonings, water en elektrisiteit ten einde die SDR's te finansieer.

NAIR het voorgestel dat inwoners dmv huisbesoeke teen die SDR's se instelling geaktiveer moet word om te verhoed dat hulle dit aanvaar.

65. Die UDF voer op 1986-02-18 samesprekings met 'n statebondsgroep in Nuweland. Die UDF-afvaardiging het bestaan uit:

- Trevor MANUEL - die sekretaris van die Wes-Kaap streeksraad.
(1 beperkte) Ibrahim RASOOL - sekretaris van die Wes-Kaap streeksraad.
Zollie MALINDI - president van die Wes-Kaap streeksraad.
Veronica SIMMERS - addisionele lid van die Wes-Kaap streeksraad.

Die statebondsgroep het bestaan uit die volgende persone:

Malcolm FRASER

Onlusegun OBASANJO

John MALECELA

Nita BARROW

Hugh CRAFT

Swaran SINGH

Ver slag van die samesprekings is deur Trevor MANUEL saamgestel en daarin is die UDF sowel as die statebondsgroep se verpligtinge en probleme uiteengesit.

Op 9 Maart 1986 het die UDF 'n memorandum aan die statebondsgroep voorgelê.

In die inleiding word die samesprekings in 'n baie skeptiese lig gesien aangesien samesprekings wat met vorige soortgelyke afvaardigings gevoer is nie veel vir die "stryd" opgelewer het nie. Die hoop word egter uitgespreek dat die huidige samesprekings sal bydra tot die isolasie van die apartheidsregering asook die vernietiging daarvan. Die volgende punte word ook uitgewys:

"Ons Styrde"

Die UDF is van mening dat die inisiatief om daadwerklike vergadering in die land te weeg te bring, in die hande van die verdrukte massa lê en nie in die van die apartheidsregering nie. Die jeug is nie meer bang vir die wapens wat deur die regering teen hulle gebruik word nie. In die swart woongebiede het die mense self die beheer oorgeneem en regeer hulle daar. Hierna word 'n kort agtergrondskets gegee van die ANC se bedrywighede in SA vanaf 1912 tot 1960 toe die organisasie verbode verklaar is. Daar word ook gesê dat ten spyte van die feit dat dit 'n verbode organisasie is, geniet dit die grootste steun in SA.

NOODTOESTAND

Volgens die memorandum is die noodtoestand opgehef agv internasionaledruk en die onvermoë van die regering om die bevolking gedurende die noodtoestand te beheer.

UDF SE PERSPEKTIEF VAN DIE STRYD

- (a) Die UDF staan die ekonomiese uitbuiting en politieke dominasie van die land ten sterkste teen.
- (b) Die stryd moet op alle vlakke toeneem.
- (c) Daar word gemeld dat onafhanklike opnames toon dat die verdruktes alomvattende sanksies teen die land ondersteun.

VOORWAARDES VAN ONDERHANDELING

- (a) Die onmiddellike afskaffing van alle apartheid- en onderdrukkende wette.
- (b) Die ontbinding van die nasionale state en die beeindiging van die trekarbeiderstelsel.
- (c) Die afskaffing van die kamer parlement en ander "puppet bodies created under the black local authorities act and other instruments of racist rule".
- (d) 'n Verenigde en demokratiese onderwysstelsel.
- (e) Die vrylating van alle politieke gevangenes, die wettig verklaring van alle verbode organisasies en persone en die wegdoening van alle beperkings op spraak en byeenkomste.
- (f) Die ontbinding van die SW, SAP en alle ander "instruments of repression".

67. 1986-03-10: Die statebondsgroep bestaande uit Mnr Malcolm FRASER, Genl Olu ABASAMO (voormalige president van Nigerië), Sardha Swaran SINGH (voormalige Minister van Buitelandse Sake van Indië), Nita BURROW (President van die Wêreld Raad van Kerke), John MALECELA (voormalige Ministe van Buitelandse Sake van Tanzanië) en Aartsbiskop Edward SCOTT (Aartsbiskop van Kanada), het 'n afvaardiging van die

UDF in Durban ontmoet vir samesprekings. Die UDF afvaardiging het bestaan uit:

Archie GUMEDE : Nasionale President van die UDF

Paul DAVID : Voorsitter van die Release Mandela Committee

Fatima MEER : Direkteur van die Institute of Black Research.

Mewa RAMGOBIN : Uitvoerende Bestuurslid van die Natal Indian Congress en Nasionale

Sekretaris van die UDF

Dennis HURLEY : Rooms Katolieke Aartsbiskop

Lechesia TSENOLI : Algemene Sekretaris van die UDF

Natal Streeksraad.

Yusuf MOHAMED : Sekretaris van die UDF Natal Streeksraad

Joe PAAHLA : Oud-president van AZASO

Op 'n vraag van die statebondsgroep wat hul minimum eise is vir samesprekings met die Staatspresident, is die volgende eise gencem:

- (a) Die afskaffing van alle apartheidswette.
- (b) Die NAC moet gewettig word.
- (c) Politieke uitgewekenes moet toegelaat word om na die RSA terug te keer.
- (d) Die vrylating van alle politieke gevangenes.

Die statebondsgroep het beklemtoon dat hulle poog om weë te vind vir dialoog tussen die regering en die "egte" leiers. Hulle is wel beglyk bewus van die politieke situasie in die land en hul hou by die mandaat van die minimum vereistes vir dialoog tussen die regering en die "egte" swart leiers, en nie met verteenwoordigers wat deur die regering geskep is nie.

DF. Die UDF het op 6 Maart 1986 'n werkskoolkonferensie by die Universiteit van Kaapstad (UK) gehou wat deur ongeveer 200 persone wat radikale jeugorganisasies landwyd verteenwoordig het, bygewoon is. Op 11 Maart 1986 is 'n Free Mandela-massavergadering in Claremont gehou wat deur die UDF se Observatory- en Clameont-takke gereel is en ook deur ongeveer 2 000 persone bygewoon is. Die konferensie op 6 Maart 1986 is aanduidend van groter UDF-betrokkenheid by die "stryd" op alle terreine, veral tov skole- en vakbonde. Die besprekingspunte is veral op die groter mate van organisering veral op jeug- en kolevlak. Daar kan verwag word dat die onrusituasie in die nabye toekoms en veral vanaf 21 Maart 1986 (Sharpeville-dag) momentum sal kry agv vergaderings van hierdie aard en omvang.

69. In 'n besonderhoud op 23 Maart 1986 het Mohammed VALLI (Sekretaris van UDF(TVL)) gesê dat die UDF tydens die gedeeltelike no toestand aanpassings t.o.v. sy organisering en strukture gemaak het, "in'n poging om onderdrukking en regeringsoptrede teen te staan". Hoewel die UDF na die opheffing van die noodtoestand sy openbare beeld steeds gaan probeer uitbou, sal sy komitees toenemend in die geheim byeenkom en die lede van die komitees anoniem bly. In die verband het hy verklaar. "It is more difficult to fight an enemy you van't see than one you can."

VALI het ook bekend gemaak dat die UDF hom op die kort termyn gaan toespits op veldtogte rondom die vrylating van "politieke gevangenes", die wettiging van die ANC, teenkanting teen die beplande onafhanklikwording van KwaNdebele, die herdenking van Meidag en die nasionale onderwys konferensie teen die einde van Maart 1986.

70. Die UDF hou 'n "Release Mandela Mass Rally" op 1986-04-04 te Mitchells Plein. Verskeie UDF-lede tree as sprekers op soos o.a. Trevor MANUEL, Willie SIMMERS, Chris NISSEN en Johnny ISSEL. In die toesprake is veral klem gelê op die skoleonrus, plaaslike raatskomitees en die wettiging van die ANC.

71. Die UDF versprei op verskeie geleenthede gedurende April plakate en pamflette, soos op 1986-04-04 op Witbank en weer op 1986-04-11 op Kimberley.

72. 'n UDF-afvaardiging bestaande uit Trevor MANUEL, Mafison MOROBE, Curnick NDLOVU en Henry FAZZIE het op 1986-04-15 en 1986-04-16 samesprekings gevoer met plaaslike ambassadeurs. Tydens die samesprekings is 'n memorandum, opgestel deur die UDF, aan die ambassadeurs oorhandig.

Die memorandum handel oor die volgende:

INLEIDING

Die regering kon nie daarin slaag om die weerstand van die massas te onderdruk nie en 'n de facto noodtoestand bestaan nog steeds. Met betrekking tot die opheffing van die noodregulasies en die beoogde uitbreiding van veiligheidswetgewing word die mening gehuldig dat die regering sodoende weer drasties en onderdrukkende wetgewing daar wil stel.

ONDERDRUKKING

Die onderdrukking duur voort ten spyte van die opheffing van die noodregulasies. Vier onderdrukkingspatrone word uitgelig nl die Bantustans aanvalle op aktiviste, optredes deur vigilante groepe sowel as optredes van die (onregverdigte beslissings deur boere veral in die platteland).

OPVOEDKUNDIGE KRISIS

Die ongevoelige optrede deur die regering en sy surrogate verhoed dat die pogings van die National Education Crisis Committee (NECC) om die

krisis op te los skipbreuk lei. Die SPCC se eise is nie aan veldoer nie. vertraagde herstel van beskadigde skool geboue en in Kwazulu het In. Atha vir alle praktiese doeleindes die skole gesluit.

Die NECC ondervind reeds probleme in sommige gebiede waar leerlinge hulle daarvan beskuldig dat hulle te tegemoetkomend is en indien die toedrag van sake voortduur sal nie die NECC of enige iemand anders die plofbare situasie kan hanteer nie.

BREE POLITIEKE PERSPEKTIEF

Dit is 'n feit dat die noodtoestand en die voortgesette onderdrukking nie die weerstand van die massas teen apartheid kan keer nie. Die nie-betaling van huur, die populêre eis dat MANDELA vrygelaat moet word en die feit dat die ANC by begrafnisse vir alle doeleindes onthou is word as voorbeelde genoem.

Die doeltreffende vergadering op alle vlakke lê nie meer in die hande van die regering nie maar wel in die hande van die massas.

OF BENADERING

(a) Die UDF beklemtoon die feit dat hy hom nie besig hou met hervorming nie, maar dat hy ekonomiese uitbuiting en politieke oorheersing teenstaan.

(b) Die UDF besef dat hy die stryd op alle vlakke moet intensifiseer ten spyte van die verwagte gepaardgaande eskalering in terreur toegepas deur die staat.

(c) Om die genoemde redes doen die UDF weereens 'n beroep op die internasionale gemeenskap om die "rassistiese regime" te isoleer en sanksies teen SA toe te pas.

AFSLUITING

Die UDF vra vir die totale isolasie van die SA regering. Die meeste regering word daarvan beskuldig dat hulle nie streng genoeg optree is en drastiese aksies word bepleit. Die UDF huldig die mening dat Atha nie daartoe instaat is om te onderhandel oor die oordrag van eiser nie en stappe om die SA regering tot 'n val te bring word in hierdie lig geregverdig.

TOELIGTING

Olgens beskikbare inligting is samesprekings gevoer met die Duitse, Franse.

Op 1986-05-30 en 1986-05-31 word die leidsingsvergadering van 'n International Civic Organisation te Kaapstad gehou. Afgevaardigdes van die volgende UDF-streke het die leidsing bygewoon: Grens, Natal, Transvaal, Oos-Kaap en die Westelike Provinsie.

Die volgende onderwerpe is bespreek:

- Gebrek aan dissipline.
- Onderhandelinge met Munisipaliteite.
- Streekdiensterade.
- Die huurkwessie.
- Die rol van gemeenskaporganisasies.

DISSIPLINE

Die jeug moet gedissiplineer word sodat hulle deur ouer persone gerespekteer kan word.

ONDERHANDELINGE MET MUNISIPALITEITE

Daar is besluit om met Stadsrade wat gewillig is om aandag te skenk aan Swartes se griewe, te onderhandel. So nie moet hul geboikot word. Verder is besluit dat swart woongebiede moet deur Munisipaliteite bestuur word en nie deur Streekdienste nie.

STREEKDIENTERADE

Daar is saamgestem dat die mense nie ten gunste van Streeksdiensterade is nie, maar dat dit verkieslik is bo gemeenskapbesture, maar dat 'n finiale besluit eers geneem sal word sodra Streekdiensterade in Julie geïmplementeer word.

DIE HUURKWESIE

Die vergadering was verdeel oor hierdie kwessie. Sommige was ten gunste daarvan dat huur betaal moet word as gevolg van uitsettings en die verval van woongebiede omdat daar geen inkomste is nie. Die Transvaal-streek was ten gunste van 'n totale boikot. Geen besluit was geneem nie en elke streek moet op 'n later datum verslag lewer oor hoe die mense in die verskillende streke oor die mense in die verskillende streke oor die saak voel.

GEMEENSKAPORGANISASIES

Die kwessie van 'n nasionale loodsing is bespreek maar daar is besluit om dit eers agterweë te hou tot einde Junie om eers die standpunte van die verskillende streke te bekom.

1.14. BEFONDSING:

Binnelands

Standaard no. [REDACTED] WWR

Barclays no [REDACTED] WWR

Johanneburg Barclays no [REDACTED] WWR

UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF)

Pietersburg Standard no [REDACTED] Verre NTVL
 Qu Anstraat Durban Barclays no [REDACTED] Port Natal
 Oos-Londen Barclays no [REDACTED] Grens
 Athlone Standard no [REDACTED] WP
 Port Elizabeth Nedbank no [REDACTED] OP
 Vryburg Standard no [REDACTED] Noord Kaap
 Welkom Barclays no [REDACTED] N-OVS
 Oudtshoorn Standard no [REDACTED] Suid-Kaap
 Oudtshoorn Standard no [REDACTED] Saamstaan Publikasie van UDF

Buitelands

1984 Arbeid Instituut Solidariteitsfonds, Swede R2240
 98,58.

Julie 1985 Swedish International Development Agency (SIDA) R900
 000 00

Julie 1985 Netherlands Organisation for International Development
 Co-Operation (NOVIB) R190 000 00

6 Januarie 1986 Stockholm, Swede R99 975

Mei 1986 NOVIB R48826,08

Februarie 1985 Lawyers Committee for Civil Rights Under Law,
 Washington R3350-00

AKTIVISTE

1985

NA. AFDELINGEERNKERNR

BONHOMME VIGIL (KM) [REDACTED] Port
 Natal PNV10/21

MARKS JOE (KM) [REDACTED]

SEWPERSADH GEORGE (AM) [REDACTED] Port
 Natal PNV2/666

DU PLESSIS GEORGE (KM) [REDACTED]

JOSEPH MPATLE MAAKE [REDACTED] VERRE NOORD
 TRANSVAAL [REDACTED] Oos
 Rand ORV11/Alg

UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF) 97

| | | | |
|---|------------|--------|------------|
| MOLEFE POPE (SV) | [REDACTED] | Soweto | [REDACTED] |
| BC AINE ANDREW (WM) | [REDACTED] | | |
| LESIA MILDRED (SV) | [REDACTED] | | |
| Soweto SWT4/A/1717 | | | |
| MOHAMMED PROFESSOR HOOSEN @ JERRY COOVADIA (AM) | [REDACTED] | | |
| BOESAK DR ALAN (KM) | [REDACTED] | | |
| Witwatersrand WA/VP3/471 | | | |
| TSHWETE STEVEN (SM) | [REDACTED] | Grens | [REDACTED] |
| NAUDE DS BEYERS (WM) | [REDACTED] | | |
| NAICKER MONTY (AM) | [REDACTED] | | |
| MOHAMMED YUNUS (AM) | [REDACTED] | | Port |
| Natal PNV2/361 | | | |
| VA. MOHAMMES (AM) | [REDACTED] | | |
| Witwatersrand WA/VP2/689 | | | |
| CAROLUS CHERYL (KV) | [REDACTED] | | Westelike |
| Provinsie | | | |
| PHAAHLA JOE (SM) | [REDACTED] | | Port |
| Natal PNV4/327 | | | |
| JOSEPH HELEN (WV) | [REDACTED] | | |
| MOHAMED SJEG NAZEEM (KM) | [REDACTED] | | Westelike |
| Provinsie | | | |
| MKIZE FLORENCE (SV) | [REDACTED] | | Port |
| Natal PNV4/870 | | | |
| OLDBERG DENNIS (WM) | [REDACTED] | | |
| CH. ANE EERWAARDE FRANK (SM) | [REDACTED] | | |
| Soweto SWT4/4747 | | | |
| RAMGOBIN MEWALAL (SM) | [REDACTED] | Natal | 5 |
| LEKOTA TERROR MOSIUOA (SM) | [REDACTED] | | Port |
| Natal PNV4/1705 | | | |
| MANUEL TREVOR (KM) | [REDACTED] | | Westelike |
| Provinsie | | | |
| XUNDU MCIBISI (SM) | [REDACTED] | Grens | 5 |
| SALAJEE DR R A M (AM) | [REDACTED] | Soweto | 5 |

| | | |
|---|------------|-------------------|
| MOKOANA ANDREW (SM) Soweto SWT4/1787 | [REDACTED] | |
| MANDELA NELSON (SM) | [REDACTED] | |
| GUMEDE ARCHIE (SM) | [REDACTED] | Natal [REDACTED] |
| TINTO CHRISTMAS (SM) Provinsie | [REDACTED] | Westelike |
| MPETHA OSCAR (SM) Provinsie | [REDACTED] | Westelike |
| SISULU ALBERTINA (SM) | [REDACTED] | Soweto [REDACTED] |
| HOWA HASAN (KM) Natal PNV3/4/214 | [REDACTED] | Port |
| MANLANGU MARTHA (SV) NT9/47/38 | [REDACTED] | Noord Transvaal |
| BA. D FRANCIS (SV) Provinsie | [REDACTED] | Oostelike |
| NYEMBE DOROTHY (SV) Natal C111/992 | [REDACTED] | Port |
| MOROBÉ MURPHY (SM) | [REDACTED] | Soweto [REDACTED] |
| MCUTHU PRINCE (SM) Provinsie | [REDACTED] | Oostelike |
| ISSEL JOHNNY (KM) | [REDACTED] | Kaap [REDACTED] |
| MKATSAWA VADER SMANGALISE (SM) Soweto SWT4/A/387 | [REDACTED] | |
| DE VRIES JOHATHAN (KM) Provinsie | [REDACTED] | Westelike |
| FU. U NOTHO (SM) Provinsie | [REDACTED] | Oostelike |
| RAMGOBIN MAWALAL @ MEWA (AM) Natal PNV2/602 | [REDACTED] | Port |
| JASSAT ESSOP ESSACK (AM) Pretoria WA/VP2/86 | [REDACTED] | |
| MAWALAL alias MEWA RAMGOBIN NATAL PNV2/602 | [REDACTED] | PORT |
| JASSOP ESSACK JASSAT PRETORIA WA/VP2/86 | [REDACTED] | |

1.15.1 TENDENSBEPALING

1.15.1.1 UDF : INTERNE VERDEELDHEID

Verdeeldheid in UDF-geledere oor die beweging se samestelling, beleid en strategie kortwiek sedert sy stigting, maar veral vanaf die begin van 1985, sy aktiwiteite en beplanning. Vanwee die UDF se samestelling het die potensiaal vir verdeeldheid sedert sy stigting bestaan, aangesien UDF-filiale in die algemeen oor slegs die volgende drie uitgangspunte/doelwitte saamstem, nl 'n unitere RSA, 'n afkeer van "apartheid" en steun aan 'n nie-rassige samelewing.

Een van die eerste probleme waaroor die inisierders van die UDF te staan gekom het, was om konsensus te bereik oor die affiliasie van liberale Blanke organisasies soos die BLACK SASH en NUSAS. Opmerking : Die BLACK SASH het slegs waarnemerstatus op die UDF en is nie reëffilieer nie. Lede van voormalige Swartbewustheidsgeïntereerde organisasies soos COSAS en die CAPE AREAS HOUSING ACTION COMMITTEE (C. AC) asook van ander radikale jeugorganisasies soos die CAPE YOUTH CONGRESS (CAYCO) het reeds voor die UDF se amptelike stigting aangedui dat voorgenome steun aan die beweging moontlik onttrek sal word indien fronte van die UDF se bevrydingstryd tot die UDF toegelaat word. CAHAC-lede het onder andere aangevoer dat bg Blanke organisasies doelbewus die "... bevrydingstryd op 'n syspoor sal dwing en die werkersrewolusie sal kaap". Die argument is ook deur sommige vakbonde as een van die vernaamste redes aangevoer waarom hulle nie bereid is om by die UDF te affilieer nie. Weerstand teen die Blankes se rigtinggewende rol in die UDF duur steeds voort en tydens die beweging se algemene jaarvergadering in April 1985 is geen Blanke tot die Uitvoerende Bestuur verkies nie en in die vorige bestuur het slegs ANDREW BORAINÉ as addisionele lid gedien.

Tydens en kort na die UDF se stigtingsbyeenkoms het leiersfigure van die beweging verdere probleme ondervind met die opstel van die Verklaring van Voorneme. Hoewel die meeste UDF-filiale die Vreedom Charter as vertrekpunt aanvaar, het veral kerklike organisasies en lede van die BLACK SASH aspekte van die dokument verwerp, onder andere vanwee die sosialistiese inslag daarvan. 'n Afgewaterde vorm van die Freedom Charter is egter later as die UDF se Verklaring van Voorneme vrygestel.

Die toename in die UDF se nasionale aktiwiteite soos pamfletverspreiding, werksgroepsessies en massabyeenkomste asook die "sukkses" wat die beweging met sy veldtogte teen onder andere die Kleurling- en Indierverskiesing behaal het, het ten koste van UDF-filiale se eie aktiwiteite op plaaslike vlak plaasgevind. Veral gemeenskapsorganisasies in die Wes-Kaap het hulle ontevredenheid hieroor uitgespreek en aangevoer dat die UDF hulle aktiwiteite kortwiek en hulle 'n bestaansreg ontnem. KATE PHILIP (Voormalige NUSAS-president) het by geleentheid verwys en opgemerk dat die UDF in 'n publisiteitsorganisasie ontwikkel het wat in die proses sy "grassroots support" verwaarloos.

Die "demokratiese proses" in die UDF, waarop hy na buite roem, ontlok heelwat kritiek in UDF-geledere en veral kleiner filiale wat nie veleenwoordigers op streeksbesture het nie, is hieroor ontevrede. BLACK SASH-lede het reeds tydens die UDF se stigtingsbyeenkoms hulle kommer uitgespreek oor die wyse waarop die verkiesing van die Uitvoerende Bestuur plaasgeving en die voorsitter netelige vrae oor 'n moontlike regeringsvorm wat deur die UDF voorgestaan word, as "onbelangrik" afgemaak het. Verskeie UDF-streekbestuursverkiesings is daarna ook gekenmerk deur 'n gekoukus vooraf, wat daartoe aanleiding gegee het dat kandidate van minderheidsgroepe tydens die verkiesings uitgestem is. Na aanleiding van die tendens het van die filiale die verkiesings as "ongeldig" bestempel en het die EAST LONDON YOUTH CONGRESS (ELYCO) reeds as gevolg daarvan van die UDF gedisaffilieer hoewel hulle steeds UDF-doelstellings bevorder.

Pogings deur UDF-leiers om eenheid in die beweging ten alle koste te behou, het ook tydens enkele vergaderings daartoe gelei dat die UDF nie demokraties kon optree en meningsverskille by wyse van stemming kon besleg nie. Nieteenstaande die feit dat die meerderheid van die UDF-ondersteuners in die Wes-Kaap tydens 'n vergadering aangedui het dat hulle gekant was teen sen KENNEDY se besoek en enige kontak met hom, het die voorsitter hulle standpunt omseil ten einde die minderheidsgroep tevrede te stel, en aangekondig dat die UDF geen amptelike besluit oor die aangeleentheid sal neem nie. Pogings deur die Uitvoerende Bestuur om besluite by wyse van konsensus te neem en die menings van lede/filiale op "grassroots"-vlak in ag te neem, is op 'n vroeë stadium reeds as tydrowend en onsuksesvol bewys en het daartoe aanleiding gegee dat die bestuur al meer outokraties begin optree het. Ten einde besluitneming te vergemaklik, is die Nasionale Uitvoerende Bestuur tydens die afgelope algemene jaarvergadering van 25 na 16 lede verminder.

Vandag die UDF se korttermyn doelwit (om te verhoed dat die nuwe grondwetbedeling en die sg KOORNHOF-wette geïmplementeer word) nie meer as 'n saambindende faktor kan dien nie, is die feit dat die UDF nie 'n duidelike omskrewe einddoelwit het nie, 'n verdere verdelende faktor. Veral in die Wes-Kaap en in 'n mindere mate in Transvaal word geargumenteer oor die UDF se presiese ideologiese orientasie, en dit kom voor of die argumente in 'n pro-ANC/SAKP-teenoor 'n meer gematigde standpunt uiteenval. Die meer gematigde faksie, wat noodsaaklik uit Blank oorheersde groepe bestaan, voer aan dat die afskaffing van "apartheid" die beweging se vernaamste doelwit is, terwyl diegene wat ten gunste is van die meer radikale benadering, toenemend argumenteer dat die stryd verder as die afskaffing van "apartheid" gevoer moet word en dat die klassestryd prominensie moet geniet.

Aansluitend hierby word daar tans 'n debat in UDF-geledere gevoer oor 'n gewelddadige teenoor 'n nie-gewelddadige benadering ten opsigte van die beeindiging van die status quo. Hoewel die UDF tydens sy pasafgelope jaarvergadering besluit het om nie van sy beleid van geweldloosheid af te wyk nie, is daar 'n groeiende faksie in die beweging wat geweld bepleit. Prominente leiers soos TERROR LEKOTA (UDF-publisiteitsekretaris) en TREVOR MANUEL (Streeksekretaris) dreig

1.16 DOKUMENTE

Inligt: 86029009

Bywerk: 85046956 85059720 85059707 86029643



Imbed Trace

| | |
|---------|---|
| Page ii | (|
| Page 1 | (|
| Page 1 | (|
| Page 2 | (|
| Page 11 | (|
| Page 13 | (|
| Page 13 | (|
| Page 19 | (|
| Page 33 | (|
| Page 34 | (|
| Page 38 | (|
| Page 44 | (|
| Page 48 | (|
| Page 52 | (|
| Page 57 | (|
| Page 61 | (|
| Page 63 | (|
| Page 64 | (|



Beveiliging
25/9/86



Republiek van Suid-Afrika
Republic of South Africa

~~Departement van~~ Direktooraat van Veiligheidswetgewing
~~Department of~~ (Volle afleveringsadres/Full delivery address)

..... Privaatsak X 655; PRETORIA; 0001
..... 12. 8. 19. 86

Die Sekretaris van die Kabinet
The Secretary of the Cabinet

Ondergenoemde dokument gaan hierby vir voorlegging aan die Kabinet.
The undermentioned document is attached for submission to the Cabinet.

Direkteur-generaal: Veiligheidswetgewing *[Signature]*
Director-General

| No. | ONDERWERP/SUBJECT |
|-----------|--|
| 2/4/2/121 | <p>0021</p> <p>VERKLARING VAN DIE ORGANISASIE BEKEND AS DIE UNITED DEMOCRATIC FRONT TOT 'N GEAFFEKTEERDE ORGANISASIE KRAGTENS ARTIKEL 2(1) VAN DIE WET OP GEAFFEKTEERDE ORGANISASIES, 1974 (WET 31 VAN 1974)</p> <p><i>[Signature]</i></p> |



Staatspresidentsminuut No 0024

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2(1) van die
Wet op Geaffekteerde Organisasies, 1974 (Wet 31 van 1974),
vaardig ek hierby die bygaande Proklamasie (Afrikaans en



Engels) uit waarby die organisasie bekend as die UNITED
DEMOCRATIC FRONT tot 'n geaffekteerde organisasie verklaar
word.

P. W. BOTHA

STAATSPRESIDENT

Datum 1986-09--8

L. LE GRANGE

MINISTER VAN DIE KABINET



P R O K L A M A S I E

V A N D I E S T A A T S P R E S I D E N T

NO.

1986

VERKLARING VAN 'N ORGANISASIE TOT 'N GEAFFEKTEERDE ORGANISASIE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2(1) van die
Wet op Geaffekteerde Organisasies, 1974 (Wet 31 van 1974),
verklaar ek hierby die organisasie bekend as die UNITED



P R O C L A M A T I O N

B Y T H E S T A T E P R E S I D E N T

NO.

1986

DECLARATION OF AN ORGANIZATION TO BE AN AFFECTED ORGANIZATION

Under the powers vested in me by section 2(1) of the Affected Organizations Act, 1974 (Act 31 of 1974), I hereby declare the



DEMOCRATIC FRONT tot 'n geaffekteerde organisasie.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van
Suid-Afrika te Kaapstad op hede die 8ste
dag van September Eenduisend Negehonderd
Ses-en-tagtig.

P. W. BOTHA
STAATSPRESIDENT

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

L. LE GRANGE
MINISTER VAN DIE KABINET



organization known as the UNITED DEMOCRATIC FRONT to be an affected organization.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at *Cape Town* this *8th* day of *September* One thousand Nine hundred and Eighty-six.

P. W. BOTHA

STATE PRESIDENT

By Order of the State President-in-Cabinet:

L. LE GRANGE

MINISTER OF THE CABINET

